# Afrikaans

Huistaal en Lewensvaardigheid

3

Kwartaal 2




Leerder: ___________________________

Funda Wande
Reading for Meaning

3
Kwartaal 2

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Leerderaktiwiteitsboek



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies**

**Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.**

**Ander illustrasies is verskaf deur:**

Alex Latimer: Bladsy 2-7, 138, 157, 178, 183, 186-187, 191 en 193; Patrick Latimer: Bladsy 11, 16, 32, 53, 95, 99, 103, 107, 109, 137, 179 en 184; Crazy Cat: Bladsy 44-48, 73, 77 en 128-133; Jiggs Snaddon-Wood: Bladsy 58, 71, 79, 100, 146, 159, 163 en 175; Rassie Erasmus: klankwoorde.

**Omslag:** Anja Stoeckigt

**Foto-erkennings**

iStock: Bladsy 7: Jenhung Huang (koringkriek), Bladsy 19: Татьяна Санина (bidsprinkaan), Bladsy 25: RHJ (kakkerlakke), Bladsy 29a: Jan Rozehnal (liewenheersbesie wat plantluise vreet), Bladsy 29b: Darkdiamond67 (muskiet wat bloed suig), Bladsy 36: Dharmapada Behera (skoenlapper wat nektar suig), Bladsy 37a: marc ouliana (vlieg), Bladsy 37b: defun (miskruier), Bladsy 40a: Thank you for your assistant (byekorf), Bladsy 40b: Cabezonication (mierkolonie), Bladsy 42a: Stefano Barzellotti (mopaniewurms), Bladsy 61: Ekaterina Kreker (baleinwalvis), Bladsy 65a: nechave-kon (nabyskoot van vrugtevlieg), Bladsy 65b: PaulinaKon (vrugtevlieë op piesangs), Bladsy 67: supitchamcsdam (koningprotea), Bladsy 104a: koosen (plastiekkoeldrankbottel), Bladsy 104b: epantha (plastiekmedisynebottel), Bladsy 104c: LanaLanglois (melkhouer), Bladsy 104d: George tsartsianidis (kartonomhulsel van bevrore groente), Bladsy 104e: tolisma (plastiekroomyshouer), Bladsy 141a: Anastasila Stiahailo (vrou wat burger en skyfies eet), Bladsy 158: bonchan (jam), Bladsy 162: marietjieopp (pap in 'n bak); WikiCommons: Bladsy 42b: TimCowley (rysmiere), Bladsy 54: The Minnich Collection The Ethel Morrison Van DerLip Fund/Maria Sibylla Merian (*Metamorphosis Insectorum Surinamensium*), Bladsy 57: Kevstan (Jonathan die skilpad), Bladsy 96a en b: Darren Glanville (beeldhoukuns deur Marco Cianfanelli en Jeremy Rose); Gallo Images: Bladsy 145: Sunday Times/Esa Alexander (Siba Mtongana), Bladsy 149: JOHANN HATTINGH BEELD (Reuben Riffel), Bladsy 151: Trevor Kunene (Katlego Mlambo).

'n Spesial dank aan Singakwenza, van die niewinsgewnde organisasie vir hul bydrae op bladsy 113 en 117.

Alle ander foto's is verskaf met toestemming: **Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**.

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-29-3

Version 1: 2024

Enigiemand is vry om die materiaal te **deel** (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of **aan te pas** (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken: *Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Leerderaktiwiteitsboek, Graad 3, Kwartaal 2, CC BY 4.0.*

Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.

Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/


# Inhoud





| | | |
|---|---|---|
| Week 1 | Insekte | 1 |
| Week 2 | Insekte | 26 |
| Week 3 | Lewensiklusse | 43 |
| Week 4 | Lewensiklusse | 68 |
| Week 5 | Herwinning | 85 |
| Week 6 | Herwinning | 110 |
| Week 7 | Eet gesond | 127 |
| Week 8 | Eet gesond | 152 |
| Week 9 | Meer oor insekte | 169 |




# Ikone



Lees



Handskrif




Klanke




Aanvangskennis



Kreatiewe Kunste




Onafhanklike Werk



Kleur in



Skryf



Knip uit

# Insekte

## Week 1 en 2



# Nombulelo en die grillerige insekte



Nombulelo loop stadig by die klaskamer in. Sy wens dat sy nie hoef in te gaan nie. Sy is glad nie gelukkig by haar nuwe skool in die stad nie.

Sy mis haar ou skool op die platteland. Sy het eers by haar ouma op 'n plaas gewoon, maar nou woon sy by haar mamma in die stad.

Sy mis haar vriende. By haar nuwe skool terg die kinders haar. Hulle lag vir haar en noem haar 'n "plaasmeisie". Hulle sê dat sy dom is omdat sy van 'n plaas af kom. Niemand speel met haar nie, en dit maak haar baie hartseer.

Toe Nombulelo naby die klaskamer is, hoor sy ’n geskree en geraas binne-in die klaskamer. Sy sien hoe die kinders na iets onder die onderwyser se tafel wys. Juffrou Naidu, die onderwyser, lyk vreesbevange.

“Pasop, Nombulelo!” skree Siya, die grootste seun in die klas. “Daar is ses grillerige insekte onder Juffrou se tafel.”

“Moenie aan hulle raak of nader kom nie, kinders. Hulle het skerp stekels op hul lywe,” sê juffrou Naidu bewend.

“Hulle kom nader, Juffrou!” skree Babalwa. “Wees versigtig, Juffrou.”





Nombulelo is baie verbaas. Sy het al baie van hierdie lelike, grillerige insekte in haar ouma se groentelande gesien. Ouma hou van hulle, want hulle eet die slakke wat die kool eet. As jy stadig van die kant af beweeg, sal hulle jou nie seermaak nie.

"Hulle is nie grillerige of gevaarlike insekte nie. Hulle is net koringkrieke," sê Nombulelo hardop. "Moenie bekommerd wees nie; ek sal hulle buitentoe neem."

Nombulelo tel die vullisdrommetjie rustig op en loop na die insekte toe.

"Nombulelo is so dapper," fluister Babalwa. "Ek sou dit nooit kon doen nie!"

Naby die insekte gaan staan Nombulelo doodstil. Sy sit vinnig die vullisdrommetjie oor hulle. Toe neem sy 'n dun boekie van Juffrou Naidu se tafel en skuif dit stadig en versigtig onder die omgekeerde vullisdrommetjie in. Toe tel sy die boek en die vullisdrommetjie saam op en stap na die oop deur.

Toe sy buite kom, sit sy die vullisdrommetjie op die gras naby die rand van die speelgrond neer. Sy lig die vullisdrommetjie op en tree terug.

Vir 'n rukkie staan die insekte stil en verdwyn toe in die gras. Sy draai om en stap met die boek en die vullisdrommetjie terug klas toe.







Die kinders klap vir Nombulelo hande en gaan in die klaskamer in.

"Baie dankie, Nombulelo," sê juffrou Naidu. "Ek het regtig nie geweet wat om met dáárdie insekte te doen nie."

Nombulelo glimlag net. "Dit was regtig niks nie," sê sy. "My ouma het vir my geleer om nie insekte dood te maak nie, want hulle kan ook nuttig wees."

"Nombulelo is baie dapper en slim en gaaf ook," sê Louise.

Nombulelo voel goed. Vir die eerste keer voel sy dat sy dalk van hierdie skool gaan hou.

# Inligtingsverslag

## Koringkrieke


- **Klassifikasie:** Koringkrieke is insekte. Insekte is klein wesens met 'n liggaam wat uit drie dele bestaan. Hulle het ses pote.

- **Voorkoms:** Koringkrieke is bruin. Hulle het 'n kop, borsstuk en agterlyf. Hulle het ses pote. Hulle het vier kort pote en twee lang pote. Die kop het twee lang voelhorings, 'n groot mond en twee oë. Daar is skerp punte op hul bene en agterlyf.

- **Gewoontes:** Koringkrieke eet plante en diertjies. Hulle is nuttig, want hulle eet slakke en verrotte plante. As hulle aangeval word, byt, skop of krap hulle, of laat 'n onaangename swart vloeistof vry om hulle te beskerm. Te danke aan hul lang pote kan hulle hoog spring. Koringkrieke kom slegs in suidelike Afrika voor.



# Handskrif



u u u u u u u u u

MAANDAG

× ab cd ef gh ij kl

× cd ab gh ef kl ij

DINSDAG

× mn op qr st uv wx

× yz qr mn op uv st

WOENSDAG

× bi om cu dt ry re

× ry cu bi om re dt

DONDERDAG

× ax gr fm wr qu ok


× ok wr qu gr ax fm

VRYDAG

× yl ju zs ip xr bs

× ju yl ip xr bs zs


# Voltooi die blokkiesraaisel




## DWARS

3 

5 

6 

7 

9 


## AF

1 

2 

4 

5 

8 

# Lees die sinne

Ek tel 'n skulp op.



Mamma brei 'n serp.



Die son skyn warm.



Ek hou van sing.



Die boot sink.



? Wat tel ek op?

**DATUM** ______________________



# Insekte




Wat ek **k**en




______________________

______________________

______________________




Wat ek wil **w**eet




______________________

______________________

______________________



Wat ek ge**l**eer het




Week 1 ______________________

______________________


Week 2 ______________________

______________________











**DATUM** ______________________________





# Simmetrie



**Trek 'n lyn om twee gelyke halwes te maak.**















DATUM ______

# Skryf die woorde reg

1  rtie — tier

2  aamts ______

3  lpsku ______

4  rpslu ______


5  rpdo ______


6  rfge ______

7  odrs ______

8  aakrt ______

DATUM ____________________





# Leesbegrip



**Lees Nombolule en die grillerige insekte.**



## Soek en vind

1 Wat is die regte naam van die grillerige insekte?

____________________

2 Waar in die klaskamer was die insekte?

____________________



## Lees en dink

3 Waarom het die kinders vir Nombulelo geterg?

Omdat sy ____________________

____________________



## Op jou eie

4 Skryf ’n sin oor iemand wat jy ken wat van ’n ander plek af kom. Sê waarom jy van hulle hou.

____________________

____________________




Handtekening: ____________________

Datum: ____________________



**DATUM** ______________________

# Insekte







Wat is die kleinste dier wat jy al ooit gesien het? Was dit 'n mier? Was dit 'n vlooi? Was dit 'n muskiet?

Miere, vlooie en muskiete is almal insekte. Hulle is klein diertjies met ses pote. Sommige insekte is só klein dat jy 'n vergrootglas moet gebruik om te sien hoe hulle lyk.

Insekte is die grootste groep diere op aarde. Daar is byna 'n miljoen verskillende tipes insekte.



1 Hoe lank is die mier langs die liniaal? ______________________

2 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

vergrootglas    muskiet    vlooie

a ______________________ is baie klein insekte wat veral op katte en honde leef.


b 'n ______________________ laat dinge baie groter lyk as wat dit regtig is.

c 'n ______________________ maak snags 'n zoemgeluid en kan jou byt.

DATUM

# Die by

**Skryf die byskrifte by die dele van 'n by.**



poot | saamgestelde oë | voelhoring | kop | vlerk

agterlyf | borsstuk

DATUM ______________________________

# Voltooi die rymsinne



| | | |
|---|---|---|
| slang | mors | gerf |
| kerm | sing | kaart |



1 Ek het jou hulp nodig, my maat,
want ek soek na 'n mooi ______________________.



2 Andre is nou baie dors.
Hy drink so woes dat die water ______________________.




3 Waarvoor is Piet die heel bangste?
Hy is regtig, régtig bang vir 'n ______________________.



4 Ons staan in 'n kring,
sodat ons mooi kan ______________________.


DATUM ____________________



# Woordeskat



klassifikasie · voorkoms · gewoontes · borsstuk · agterlyf



**Pas die woordeskatwoord by die betekenis daarvan.**

| | |
|---|---|
| klassifikasie | wat dit gewoonlik doen |
| voorkoms | indeling van diere in groepe |
| gewoontes | buikholte |
| borsstuk | hoe dit lyk |
| agterlyf | bors |




**Skryf die woorde en voltooi die tabel.**

| Woordeskatwoord | Letters | Lettergrepe |
|---|---|---|
| klassifikasie | 13 | 5 |
| g _ _ _ _ _ _ _ _ | | |
| vo _ _ _ _ _ _ | | |
| b _ _ _ _ _ _ _ | | |
| a _ _ _ _ _ _ _ | | |



DATUM ____________________

# Is die bidsprinkaan 'n insek?



Die bidsprinkaan se liggaam bestaan uit drie liggaamsdele en ses bene. Dit is 'n insek. Die voorste bene is baie lank en lyk soos arms.

Die bidsprinkaan het 'n baie lang nek. Sy kop het die vorm van 'n driehoek. Dit het twee paar vlerke om mee te vlieg.

Die bidsprinkaan eet klein insekte soos vlieë en motte. Op hul voorpote is daar 'n ry skerp stekels wat hulle gebruik om hul prooi mee vas te hou. Hulle eet gewoonlik eerste die kop. Soms eet die bidsprinkane mekaar!

1 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

prooi    skerp    punte (stekels)

a Hy gebruik 'n ____________________ mes om vleis mee te sny.

b Leeus jag om hul ____________________ te vang.

c Die doringboom het skerp ____________________.

2 Hoekom het die bidsprinkaan skerp stekels op hul voorpote?

____________________

____________________




# Teken 'n insek



**Vind 'n insek op die speelgrond. Neem dit goed waar.**

Watter soort insek het jy gekry?
Hoeveel pote kan jy sien?
Hoeveel liggaamsdele kan jy sien?
Wat kan jy nóg sien?



**Teken 'n diagram van jou insek.**
**Skryf die byskrifte by jou diagram.**



**pote** | **saamgestelde oë** | **voelhorings** | **kop** | **vlerke**

**agterlyf** | **borsstuk**





DATUM ______________________

# Skryf jou eie sinne





serp



warm





boks



mors

**DATUM** ______________________





# Taal

**Voltooi die sinne deur die woorde tussen hakies gebruik.**

1 **Klassifikasie:** Koringkrieke ______________________

______________________ . (insekte, is)

2 **Voorkoms:** ______________________ is bruin. (Hulle)

3 ______________________: Hulle ______________________ plante

en diertjies. (**Gewoontes**, eet)

**Kies enige ander soort insek en skryf daaroor.**

skoenlappers miere bye bidsprinkaan

1 **Klassifikasie:** ______________________ is insekte.

2 **Voorkoms:** Hulle is ______________________ .

3 **Gewoontes:** Hulle eet ______________________ .



Handtekening: ______________________

Datum: ______________________

DATUM ______________________

# Is 'n spinnekop 'n insek?



Die spinnekop se liggaam bestaan uit twee dele en vier paar bene. Dit is nie 'n insek nie.

Spinnekoppe eet klein insekte soos vlieë, miere en motte wat hulle in hul spinnerakke vang. Party spinnekoppe kan gif maak wat hulle in hul prooi skiet.

Spinnekoppe is die enigste diere wat hul kos buite hul liggame verteer. Hulle besproei hul prooi met 'n vloeistof, wat die prooi se liggaam in 'n vloeistof verander. Die spinnekop suig dan die vloeistof op.

1 Hoeveel bene het 'n spinnekop? Merk die regte boksie.

☐ ses

☐ agt

2 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

gif verteer spinnerak


a Mense ______________________ kos in hul maag.

b Sommige slange, skerpioene en spinnekoppe gebruik ______________________ om hul prooi dood te maak.

c Insekte kan in 'n spinnekop se ______________________ gevang word.

DATUM





# Diktee

DATUM ______________________

# Is 'n kakkerlak 'n insek?




Die kakkerlak se liggaam bestaan uit drie dele en drie paar pote. Dit is 'n insek. Kakkerlakke het ook twee paar vlerke en word meestal gebruik om mee te vlieg. Hulle kan baie vinnig hardloop.

Kakkerlakke hou daarvan om in warm, donker dele van ons huise te woon. Hulle eet plante, insekte, oorskietkos op vuil borde en selfs vullis. Hulle kan kieme in ons huise inbring.

Kakkerlakke kan maklik oorleef. Hulle kan vir twee weke sonder water en vier weke sonder kos leef. Hulle kan selfs vir 'n hele week sonder 'n kop lewe!

Voltooi die tabel.

| Naam | Getal liggaamsdele | Getal pote | Is dit 'n insek? |
|---|---|---|---|
| bidsprinkaan | | | |
| spinnekop | | | |
| kakkerlak | | | |
| mier | | | |



# Handskrif

U U U U U U U U U

**MAANDAG**

× Y Y Y Y Y Y

× Ye Ye Ye Ye Ye Ye

**DINSDAG**

× U U U U U U U

× Um Um Um Um

**WOENSDAG**

× W W W W W W

× Wh Wh Wh Wh Wh

**DONDERDAG**

× V V V V V V

× Vr Vr Vr Vr Vr Vr

**VRYDAG**

× Ye Um Wh Vr Yo

× Ul Wh Ye Um Vr

DATUM ______________________

# Soek die woorde

stamp smelt skaars plank brand
prent kring klits trots frank

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| b | c | e | e | u | z | u | f | p | c |
| p | s | m | e | l | t | g | r | r | d |
| l | s | k | a | a | r | s | a | e | p |
| a | i | w | u | a | r | k | n | n | k |
| n | t | r | o | t | s | r | k | t | l |
| k | b | r | a | n | d | i | h | s | i |
| s | t | a | m | p | t | n | i | w | t |
| a | i | a | w | s | s | g | b | g | s |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ______________________

______________________

2 ______________________

______________________

3 ______________________

______________________

DATUM ____________________



# Lees die sinne

Ek teken ’n mooi prent.



Ons speel in ’n kring.





Die vuur brand.

My roomys smelt.



Mamma klits die eiers.





Wat het gesmelt?

____________________

# Insekte wat ons kwaad aandoen of help



Skoenlappers vlieg van blom tot blom om nektar te eet. Die stuifmeel kleef aan hul liggame. So versprei hulle die stuifmeel en word die blomme bevrug sodat die plante vrugte of groente produseer.



Liewenheersbesies eet klein goggatjies op plante soos plantluise, miete, luise, wolluise en ander kleiner insekte wat skade in die tuin kan aanrig.




Party muskiete versprei siektes wat mense en diere baie siek kan maak. Muskiete word besmet as hulle mense of diere byt wat 'n kiem dra, en versprei dan die kiem.



Vlooibyte is seer en veroorsaak 'n gejeuk en swelling. Party mense en diere is allergies vir vlooispeeksel. Vlooie kan ook siektes van een dier na 'n ander oordra.

# Vul die ontbrekende klanke in





1 kl its



2 swe ______



3 ______ ing



4 pre ______



5 ______ erp




6 ______ elt



7 br ______



8 ______ ank



**DATUM** ______________________

# Leesbegrip

**Lees** **Nombulelo en die grillerige insekte.**



## Op jou eie

Gebruik jou eie woorde om die storie op te som.

1 **Karakter:** Die hoofkarakter is ______________________ .

2 **Agtergrond/Omgewing:** Die storie vind plaas in 'n

______________________ .

3 **Opsomming van storie:**

Nombulelo was ongelukkig omdat ______________________

______________________ .

Sy het ______________________ onder die juffrou se tafel gesien.

Die ander kinders was ______________________

______________________ .

Nombulelo was dapper en het die ______________________

______________________ geneem.

Die onderwyser en die kinders ______________________

______________________ .

Handtekening: ______________________

Datum: ______________________

DATUM ______________________________



# Hoe beskerm insekte hulself?



Baie diere maak insekte dood om hulle te eet. Daarom moet insekte hulself kan beskerm.

Perdebye en heuningbye steek hul vyande met hul angels. Hulle het helder strepe wat hul vyande teen gevaar waarsku.

Vlieë en skoenlappers kan van hul vyande wegvlieg. Kakkerlakke kan baie vinnig hardloop om weg te kom.

Die bidsprinkaan kruip weg deur homself te kamoefleer. Dit is groen en lyk dus soos die stingel van 'n blaar of 'n plant. Sy vyande kan hom nie maklik sien nie.



Vul die ontbrekende woorde in die tabel in.

| Insek | Hoe dit hulself beskerm |
|---|---|
| kakkerlak | |
| | Dit kamoefleer homself. |
| perdeby | |
| | Dit vlieg weg vanaf sy vyand. |




DATUM ____________________



# Wat is ek?

**Pas die prent by die regte beskrywing. Trek 'n lyn.**

| | |
|---|---|
|  by | Ek dra kieme oor van vuil plekke na jou kos. Spinnekoppe hou daarvan om my te eet. |
|  miskruier | My stert is gekrul en het 'n angel aan die punt. Ek steek as ek bang voel. |
|  skerpioen | Ek dra stuifmeel van een blom tot die volgende as ek nektar bymekaarmaak om heuning te maak. |
|  vlieg | Ek maak die mis van diere bymekaar en bêre dit in die grond. Dit maak die grond vrugbaar. |
|  naaldekoker | Ek hou daarvan om in kombuise te woon en kom in die aande uit om te eet. Ek dra siektes. |
|  kakkerlak | Ek het 'n lang agterlyf. Ek eet muskiete en muskieteiertjies. |


DATUM ____________________



# Skryf sinne

**Gebruik woorde uit die blok en skryf ten minste 5 sinne. Skryf die woorde wat jy gekies het met 'n kleurpotlood. Jy kan meer as een van die woorde per sin gebruik.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klomp | kramp | swerm | stamp | stert |
| tronk | skelm | smelt | grond | skaars |



1 ____________________

____________________

2 ____________________

____________________

3 ____________________


____________________

4 ____________________

____________________

5 ____________________

____________________



**DATUM** ______________________

# Woordeskat en taal



**Voltooi die tabel.**

| Woord | Betekenis | Engelse woord |
|---|---|---|
| | indeling van diere in groepe | klassifikasie |
| | hoe dit lyk | voorkoms |
| | wat dit gewoonlik doen | gewoontes |

**Lees die sinne.**



**Klassifikasie:** Koringkrieke is insekte.

**Voorkoms:** Hulle is bruin.

**Gewoontes:** Hulle eet plante en diertjies.

**Skryf een van die sinne in Engels.**

______________________

______________________



Handtekening: ______________________

Datum: ______________________

DATUM ______________________

# Wat eet insekte?



Baie insekte eet plante. Ruspers eet die blare van plante. Perdebye eet graag ryp vrugte soos perskes. Hulle eet ook kleiner insekte.

Party insekte soos bye en skoenlappers het 'n suigslurp (proboskis) waarmee hulle nektar uit blomme suig.

Vroulike muskiete gebruik 'n suigslurp om bloed uit diere en mense te suig. Hulle suig ook nektar uit blomme.

Ander insekte soos die bidsprinkaan vang en eet weer ander insekte. Insekte soos vlieë hou daarvan om dooie diere te eet.

1 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

suig suigslurp (proboskis) nektar

a Blomme produseer 'n soet vloeistof wat ______________________ genoem word.

b Bye gebruik hul ______________________ om nektar uit blomme te suig.

c Jy kan 'n strooitjie gebruik om koeldrank uit 'n blikkie te ______________________ .

2 Noem drie ander insekte wat ook 'n suigslurp (proboskis) het.

______________________

______________________

______________________

DATUM ______________________

# Skadelike en onskadelike insekte

**Skryf die name van die insekte in die regte kolomme.**



skoenlapper



vlooi



by



miskruier



kakkerlak



sprinkaan

| Onskadelik | Skadelik |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



naaldekoker




vlieg



muskiet



liewenheersbesie



# Voltooi die sinne



kramp

trots



klits





grond

prent



brand





1 Mamma ___klits___ die beslag vir die koek.


2 Ek teken 'n mooi ____________________ .

3 My juffrou is ____________________ op my.


4 Miere bly onder die ____________________ grond.

5 Die brandweer blus die ____________________ .

6 Die atleet kry 'n ____________________ in sy been.



**DATUM** ____________________



# Oefen vlotheid

**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Nombulelo loop stadig by die klaskamer in. Sy 8
wens dat sy nie hoef in te gaan nie. Sy is glad 20
nie gelukkig by haar nuwe skool in die stad nie. 30
Sy mis haar ou skool op die platteland. Sy het 40
eers by haar ouma op ’n plaas gewoon, maar 49
nou woon sy by haar mamma in die stad. 58
Sy mis haar vriende. By haar nuwe skool terg 67
die kinders haar. Hulle lag vir haar en noem 76
haar ’n “plaasmeisie”. Hulle sê dat sy dom is 85
omdat sy van ’n plaas af kom. Niemand speel 94
met haar nie, en dit maak haar baie hartseer. 103

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het | | |
| Aantal woorde wat ek nie geken het nie | | |

DATUM ______________________

# Sosiale insekte





Heuningbye is sosiale insekte. Hulle woon saam in 'n groot byekorf en het almal verskillende werke om te doen. Die koninginby lê die eiers. Hommelbye is die manlike bye wat met die koningin paar en daarna doodgaan. Werkerbye is die vroulike bye wat die byekorf skoon hou en die jong bytjies versorg. Hulle pas die byekorf op en maak nektar bymekaar wat hulle as heuning in die byekorf berg.

Miere is ook sosiale insekte wat saamwoon. Hulle woon onder die grond in kolonies. Hulle het ook hommels wat met die koningin paar en werkers wat die kleintjies versorg, kos bymekaarmaak en die kolonie bewaak.

Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

koningin    miere    sosiaal    hommels    werkers    heuningbye

a Insekte wat saamwoon en verskillende werke doen, word ______________ genoem.

b ______________ woon in kolonies.

c ______________ woon in byekorwe.

d Die ______________ paar met die koningin en gaan daarna dood.

e Die ______________ lê die eiers.

DATUM ____________________



# Spoedlees woorde

**Lees vir een minuut.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| staan | swaai | niks | melk | arm |
| twee | trap | self | mens | dors |
| vlak | klaar | dalk | prent | maats |
| vlag | vrou | dans | hemp | nerf |
| stap | swaar | kant | sorg | warm |
| twintig | trein | kamp | werk | mors |
| vlieg | klein | terg | fiks | boks |
| kloof | vraag | park | ramp | sing |
| vries | twis | fluks | punt | kerm |
| stoom | klei | kolf | lens | gerf |

Hoogste telling: ____________ woorde

DATUM ______________________________




# Insekte wat ons kan eet



Baie mense eet insekte. In Limpopo eet die mense graag mopaniewurms. Mopaniewurms is ruspers wat op die blare van die mopanieboom leef. Mense maak hulle in die son droog en kook hulle dan. Dit proe amper soos biltong.

Oraloor Afrika eet mense rysmiere. Wanneer dit reën, vlieg die rysmiere. Mense maak hulle bymekaar, verwyder hul vlerke en braai hulle. Hulle eet dit ook rou. Mense sê dit is baie smaaklik!



Gebruik hierdie woorde om die resep te voltooi.

braai     eet     vlerke     rysmiere     pan

## Gebraaide rysmiere

**Bestanddele**

rysmiere
olie

**Metode**

1 Maak 'n paar ______________ bymekaar.
2 Haal hul ______________ af.
3 Gooi 'n bietjie olie in 'n braai ______________.
4 ______________ die rysmiere.
5 Wanneer dit gereed is, ______________ die rysmiere.



# Lewensiklusse

## Week 3 en 4





# Die raaiselagtige verdwyning van die paddavisse




Zeb was 'n paddavis wat honderde paddavisboeties en -sussies gehad het. Hy was die jongste en die kleinste! Die paddavis-familie het almal in die koel, diep waters van die dam gewoon. Hulle kon die son hoog bo die water sien skyn, maar hulle het onder die water gebly.

Zeb was baie gelukkig om saam met sy boeties en sussies tussen die waterplante te swem. Daar was baie kos. Hy het saam met 20 van sy boeties op 'n blaar geslaap.

Die enigste gevaar in die dam was die verskriklike Baberbende. Die babers het in die modder op die bodem van die dam gewoon. Hulle het lang baarde en skerp tande gehad. Hulle het daarvan gehou om paddavisse te eet!

Hulle het gewoonlik uitgekom wanneer die son geskyn het en dan probeer om die paddavisse te vang.

Zeb het altyd gesorg dat hy onder ’n blaar wegkruip wanneer hy BORREL, BORREL, BORREL hoor.






Eendag het Zeb agtergekom dat dit lyk asof daar minder boeties en sussies is om mee te speel. Hulle was besig om te verdwyn. Dit was vreemd! Daar was slegs 90 paddavisse toe hy getel het!

Elke dag het die paddavisse al minder en minder geword. Die volgende dag was daar 80; die dag daarna 70; en toe 60; toe 50; toe 40; toe 30 en nie lank daarna nie was daar net 20 boeties oor wat saam met Zeb op dieselfde blaar geslaap het.

Zeb het oral na die vermiste paddavisse gesoek. Hy het gedink dat die wrede Baberbende hulle almal opgeëet het.

Daardie aand het Zeb saam met sy 20 boeties gaan slaap. Maar toe hy wakker word, was hy heeltemal alleen! Hulle het almal verdwyn. Hy was die laaste paddavis oor.

Hy het byna die hele dag weggekruip, maar later het hy baie honger geword. Toe die son hoog geskyn het, het hy uit sy wegkruipplek gekruip om kos te soek. Skielik het hy BORREL, BORREL, BORREL gehoor. Een van die Baberbende was reg agter hom!

Zeb was paniekbevange. Wat kon hy doen? Hy het opgekyk na die lig van die son en van sy blaar afgespring en opwaarts na die lig geswem.






Zeb het so ver as wat hy kon deur die oppervlak van die water gespring. Hy het besef dat hy die lug kon inasem!

Toe het hy rondom hom gekyk. Op ’n stomp wat in die water gedryf het, was al sy paddavisboeties en -sussies! Maar hulle was nie meer paddavisse nie; hulle was paddas. Zeb het na homself gekyk en gesien dat hy ook nou ’n padda geword het!

Die raaisel is opgelos en Zeb was vir altyd veilig teen die Baberbende. Hy kon weer met sy boeties en sussies speel.

# Inligtingsverslag


## Paddas

- **Klassifikasie:** Paddas is amfibieë. Amfibieë is 'n groep diere wat gedeeltelik in die water en gedeeltelik op land leef.
- **Voorkoms:** Paddas is groen of bruin en het 'n gladde vel. Hulle het vier bene. Hul agterbene is groot en hul tone is geweb. Paddas het wye bekke en lang, taai tonge. Hulle het uitpeuloë.
- **Gewoontes:** Paddas kan spring en swem. Hul sterk agterbene en gewebde tone help hulle daarmee. Hulle eet muskiete, vlieë en ander insekte wat hulle met hul tonge vang. Daar is baie verskillende soorte paddas en almal woon naby die water.





# Handskrif



M M M M M M M M

MAANDAG

× N N N N N N N

× Nj Nj Nj Nj Nj Nj

DINSDAG

× M M M M M M

× Ma Ma Ma Ma

WOENSDAG

× B B B B B B B B

× Bl Bl Bl Bl Bl Bl

DONDERDAG

× R R R R R R R

× Ro Ro Ro Ro Ro

VRYDAG

× Nj Ma Bl Ro Bi

× No Bl Bi Ma Nj

DATUM ______________________

# Voltooi die blokkiesraaisel



**DWARS**

1 

2 

3 

4 

5 

**AF**

1 

2 

3 

4 

5 




# Lees die sinne



Die padda spring.



Ons speel op die strand.



Mamma stryk ons klere.




Ek hou van stroop.



Pappa draai die skroef vas.




Wat doen die padda?



DATUM ______________________

# Lewensiklusse



| | |
|---|---|
| Wat ek **k**en   | |
| Wat ek wil **w**eet   | |
| Wat ek ge**l**eer het   | Week 3 ______ Week 4 ______ |

DATUM ____________________

# Kunsgallery




***Metamorfose*** **deur Maria Sybilla Merian**

1. Wat sien jy in hierdie skildery?
2. Hoeveel ruspers kan jy sien?
3. Hoeveel motte kan jy sien?

DATUM ____________________

# Skryf die woorde reg



1  rtie — tier

2  strnda — ____________

3 

oopstr — ____________

4  ngispr — ____________


5  fyskr — ____________

6  foeskr — ____________

7  oskrp — ____________


8  ngstri — ____________

DATUM ____________________



# Leesbegrip





**Lees Die raaiselagtige verdwyning van die paddavisse.**

## Lees en dink

1 Wat was die raaisel in die titel?

______________________________

2 Wat, het Zeb gedink, het met die paddavisse gebeur?
Hy het gedink ______________________________

______________________________

3 Waarom was Zeb die laaste paddavis wat 'n padda geword het?
Omdat ______________________________

______________________________

## Op jou eie



4 Sou jy daarvan gehou het om 100 boeties en sussies te gehad het? Sê hoekom of hoekom nie?

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________



Handtekening: ____________________

Datum: ____________________

DATUM ____________________

# Dier met 'n lang lewensduur: Skilpad



Skilpaaie is stadig bewegende, sagmoedige wesens. Hulle het doppe wat hulle beskerm. Skilpaaie het 'n lang lewensduur; selfs langer as mense. Die grootste tipe skilpaaie word reuseskilpaaie genoem.

Jonathan, 'n vriendelike reuseskilpad, woon in die tuin van 'n groot huis. Hy is die oudste skilpad in die wêreld. Hy is 190 jaar oud. Hy is baie lief om piesangs, kool en appels te eet, en hy slaap baie.

1. Kan mense tot 190 jaar leef? ____________________
2. Skryf 'n sin oor hoekom skilpaaie interessante wesens is.

____________________

____________________

DATUM

# Lewensiklus van 'n skoenlapper



| | |
|---|---|
| **Inleiding** | 'n Skoenlapper gaan deur baie fases in sy lewe. Dit word die lewensiklus van die skoenlapper genoem. |
| **Stadium 1** → | 'n Skoenlapper lê eiertjies op 'n blaar. Binne-in die eiertjies vorm klein ruspers. |
| **Stadium 2** → | Die rusper begin om sy pad uit die eier te eet. |
| **Stadium 3** → | Die rusper eet die blare van die plant waarop dit gebore is. Dit hou aan met eet en word groter. |
| **Stadium 4** → | Wanneer die rusper te groot word vir sy vel, skud hy sy vel af. 'n Nuwe vel is reeds gevorm. Hy kan 'n paar keer vervel. |
| **Stadium 5** → | Sodra die rusper groot genoeg is, spin die ruspe 'n kokon rondom homself. Die rusper binne-in die kokom verander dan in 'n papie. |
| **Stadium 6** → | Ná twee weke verskyn 'n skoenlapper uit die papie. Sy vlerke is nat en aanvanklik klein. Sodra die skoenlapper se vlerke droog is, kan die skoenlapper vlieg en kos gaan soek en begin eiers lê. |

DATUM ____________________

# Voltooi die rymsinne



kring sprong sproet
kramp brand grond klits



1 Eers het ek my toon gestamp.
Net daarna kry my been 'n ____________________.




2 Kom, jy moet 'n maatjie bring.
En dan speel ons in 'n ____________________.




3 Ons gesin eet graag gesond.
Ons gunstelingkos is groente uit die ____________________.




4 As Mamma roep, hardloop ek soos blits.
Dis my beurt om die eiers te ____________________.




# Woordeskat





paddavis raaisel

verdwyning amfibieë taai



**Pas die woordeskatwoord by die betekenis daarvan.**




| | |
|---|---|
| verdwying | babapadda |
| paddavis | leef gedeeltelik op land en gedeeltelik in die water |
| raaisel | om weg te raak |
| amfibieë | wat maklik aan iets anders vassit |
| taai | ingewikkelde vraag waarvan die betekenis gesoek moet word |



**Skryf die woorde en voltooi die tabel.**

| Woordeskatwoord | Letters | Lettergrepe |
|---|---|---|
| p _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ | | |
| r _ _ _ _ _ _ _ | | |
| a _ _ _ _ _ _ _ | | |
| t _ _ _ | | |








**DATUM** ____________________

# Dier met 'n lang lewensduur: Walvis



Walwisse is groot, sagmoedige diere wat in die see leef. Hulle is die grootste diere in die wêreld. Hulle het ook 'n lang lewensduur.

Een soort walvis, die baleinwalvis, kan tot meer as 200 jaar leef! Hierdie walvisse is die langslewende dier op aarde. Baleinwalvisse leef in die koudste dele van die see en eet die klein seeplantjies en diertjies. Maar ongelukkig is hierdie soort walvis byna uitgesterf omdat mense reeds so baie van hulle doodgemaak het.



1 Leef baleinwalvisse langer as mense? ____________________

2 Wat beteken "uitgesterf"? ____________________

____________________

3 Walvisse woon in die see. Wat, dink jy, is die grootste dier wat op land woon?

____________________


____________________

DATUM ____________________



# ’n Lewensiklus

**Teken ’n vloeidiagram van die lewensiklus van die skoenlapper. Gebruik die inligting op bladsy 58.**




1 Die skoenlapper lê eiers.

2 ’n Rusper broei uit.

3 Die rusper eet blare.

4 Die rusper vervel wanneer dit groter word.

5 Die rusper word ’n papie.

6 ’n Skoenlapper verskyn uit die papie.

DATUM

# Skryf jou eie sinne



smelt



klits




skelm



plank

DATUM ______________________





# Taal



**Voltooi die sinne deur hierdie woorde te gebruik.**

diere amfibieë in land

**Klassifikasie:** Paddas is ______________________ . Hierdie is 'n groep ______________________ wat gedeeltelik ______________ die water en gedeeltelik op ______________________ leef.

**Kies ander diere om oor te skryf.**
**Gebruik die inligting in die tabel.**

**Klassifikasie:** ______________________ en ______________________ . Hierdie is ______________

______________________________________________

______________________________________________ .

| Diere | Klassifikasie | Definisie |
|---|---|---|
| sprinkane, motte | insekte | het drie liggaamsdele |
| paddas, brulpaddas | amfibieë | leef gedeeltelik op land en gedeeltelik in die water |
| honde, leeus | soogdiere | warmbloedig en het hare |
| babers, haaie | vis | leef en haal asem in die water |
| krokodille, slange | reptiele | koudbloedig en het skubbe |
| hoenders, volstruise | voëls | het vlerke en vere |



Handtekening: ______________

Datum: ______________

DATUM ______________________

# Dier met 'n kort lewensduur: Vrugtevlieg




Het jy al ooit 'n klein vliegie met rooi oë rondom die vrugte van 'n boom of in die huis gesien zoem?

Dit is klein insektetjies met 'n groot werk. Hulle werk is om van al die verrotte vrugte ontslae te raak. Hulle is ook kos vir ander diere soos paddas en geitjies.

Vrugtevlieë is interessant omdat hulle 'n baie kort lewensduur het. Hulle leef slegs twee weke! Dit is een van die kortste lewensduurtes van enige dier op aarde. Voor hulle sterf, lê die vrugtevlieg omtrent 500 eiertjies.

1 Skryf een sin oor hoe vrugtevlieë nuttig kan wees.

______________________


______________________

2 Skryf oor die oudste of jongste persoon wat jy ken.

______________________

______________________





# Diktee



DATUM ______________________

# Blom met 'n kort lewensduur: Daglelie






Net soos diere, het verskillende blomme ook verskillende lewensduurtes.

Daar is een blom wat slegs een dag lank leef. Dit gaan in die oggend oop en gaan dieselfde aand dood. Dit is die daglelie. Dit word oral in die wêreld gekweek omdat dit so mooi is.


Suid-Afrika se nasionale blom, die koningprotea, leef egter baie langer. Dit kan vir meer as een week leef. Indien jy die blom pluk en dit in water sit, kan dit tot omtrent 16 dae leef.




1 Watter blom het 'n korter lewensduur, die daglelie of die koningprotea?

______________________

2 Teken 'n blom wat jý al gesien het. Teken dit akkuraat en met die regte kleure.





# Handskrif

J J J J J J J J J J J J J J J J

MAANDAG

× H H H H H H H H

× He He He He He He

DINSDAG

× K K K K K K K

× Ko Ko Ko Ko Ko

WOENSDAG

× E E E E E E E E

× Ei Ei Ei Ei Ei Ei Ei

DONDERDAG

× J J J J J J J

× Ju Ju Ju Ju Ju Ju

VRYDAG


× He Ko Ei Ju En Hi

× Ko Ju En Hi He Ei

DATUM ____________________

# Soek die woorde

ja vra so dra
kla bo na vla pa



| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| c | v | l | a | y | e | e | f | f | w |
| f | o | c | y | u | l | v | o | j | c |
| y | i | w | d | r | s | r | y | j | a |
| p | n | t | r | b | o | a | b | j | f |
| a | a | c | a | o | s | y | e | q | t |
| g | n | h | n | t | s | u | o | u | u |
| l | k | l | a | p | t | g | v | t | a |
| o | f | x | f | v | q | o | d | k | b |

**Kies 3 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ____________________

____________________

2 ____________________

____________________

3 ____________________

____________________

DATUM ______________________________



# Lees die sinne



Die man dra ’n swaar sak.



Ek is lief vir my pa.



Ek vra ’n vraag.

Sy eet jellie en vla.



Die wa is vol hout.








Wat is op die wa?

______________________________


DATUM ______________________


# Die lewensiklus van 'n padda

**Skryf die stadiums van die lewensiklus van 'n padda neer om by die prente te pas. Gebruik die inligting op bladsy 49.**










1 ______________________

2 ______________________

3 ______________________


4 ______________________





paddavis    padda

eiers    babapadda

DATUM ______________________



# Vul die ontbrekende klanke in





1 b o ______



2 gl ______



3 p ______



4 m ______



5 dr ______



6 w ______



7 vl ______



8 vr ______

DATUM ______________________

# Leesbegrip

**Lees** **Die raaiselagtige verdwyning van die paddavisse.**

## Op jou eie

Gebruik jou eie woorde om die storie van Zeb op te som.

1 **Karakter:** Die hoofkarakter is ______________________.

2 **Omgewing:** Die storie vind plaas in 'n ______________________.

3 **Opsomming van storie:**

Zeb het in 'n dam saam met sy ______________________

______________________ gewoon.

Daar was iets raaselagtigs aan die gebeur. Zeb se boeties en sussies was ______________________.

Zeb het gedink ______________________

______________________.

Zeb het toe ______________________ gespring.

Hy het uitgevind dat sy boeties en sussies

______________________ geword het.

Handtekening: ______________________

Datum: ______________________

DATUM ______

# Die blou eiers (Hoofstuk 1)



Lank gelede, in die veld in Afrika, was daar ‘n doringboom. In die stam van die boom was daar ‘n gat, en in die gat was daar ’n warm nes wat met gras en vere uitgevoer was. Daar was ook vier pragtige blougroen eiers in die nes wat stadig besig was om ligbruin te raak.

Ná ’n maand het daar iets opwindends gebeur. Die eiers was besig om oop te kraak!

1 Wat, dink jy, gaan uit die eiers uitbroei?

______

2 Wat anders kan jy in die boom sien?

______


DATUM ______________________

# Skryf 'n inligtingsteks



| | |
|---|---|
| **Titel** | **Lewensiklus van 'n padda** |
| **Inleiding** | |
| **Stadium 1** → | |
| **Stadium 2** → | |
| **Stadium 3** → | |
| **Stadium 4** → | |


DATUM ______________________




# Skryf sinne

**Gebruik woorde uit die blok en skryf ten minste 5 sinne.**
**Skryf die woorde wat jy gekies het met ’n kleurpotlood.**
**Jy kan meer as een van die woorde per sin gebruik.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| bo | glo | pa | vra | dra |
| kla | ja | ma | wa | vla |



1 ______________________

______________________

2 ______________________

______________________

3 ______________________

______________________

4 ______________________


______________________


5 ______________________

______________________



# Woordeskat en taal





**Voltooi die tabel.**

| Woord | Betekenis | Engelse woord |
|---|---|---|
| | om weg te raak | disappearing |
| | babapadda | tadpole |
| | ingewikkelde vraag waarvan die betekenis gesoek moet word | mystery |
| | dier wat gedeeltelik op land en gedeeltelik in die water leef | amphibian |
| | wat maklik aan iets anders vassit | sticky |

**Lees die sinne**

**Klassifikasie:** Paddas is amfibieë. Amfibieë is 'n groep diere wat gedeeltelik in water en gedeeltelik op land leef.



**Skryf die eerste sin in Engels.**

______

______



Handtekening: ______

Datum: ______

DATUM ______

# Die blou eiers (Hoofstuk 2)



Uit daardie eiers het vier klein kuikens uitgebroei. Hulle was blind en nat en daar was geen vere aan hul lyfies nie. Hulle kon nie vir hulself sorg nie, maar hul mamma was daar om hulle warm te hou. Hul pappa het die kos vir hul mamma gegee, wat dan die kuikens gevoer het.

Die mamma- en pappavoël het beurte geneem om die kuikens op te pas, sodat diere of groter voëls nie hul kuikens kan seermaak nie. Die kuikens het elke dag sterker en groter geraak en hul vere het begin groei.

1 Was jou voorspelling reg?

______

2 Wat kon die klein kuikens eet?

______

3 Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

______

DATUM ______

# Vergelyk twee lewensiklusse

**Hierdie twee wesens begin albei hul lewensiklus as eiers.**


## Lewensiklus van 'n hoender



1. Die moederhen lê haar eiers in 'n nes. Sy sit op die eiers om dit warm te hou.



2. Die eiers broei ná 21 dae uit.




3. Die jong kuikens bly vir omtrent 2 maande by die mamma. Hul mamma leer hulle hoe om kos te soek.



4. Die volwasse hen lê die eiers.

## Lewensiklus van 'n skilpad



1. Die skilpad lê haar eiers in 'n gat in die sand op die strand. Sy los die eiers op die strand.




2. Die eiers broei ná 50 dae uit.



3. Die jong skilpadjies loop vinnig oor die strand see toe. Hulle leef sonder hul ma en vang hul eie kos.



4. Die volwasse skilpad lê eiers.



Wat is dieselfde?

______


______

Wat is verskillend?

______

______

DATUM ______________________



# Voltooi die sinne



dra

ja

bo






pa

vla



vra





1 Ek kyk graag na die wolke ___bo___ in die lug.

2 My ______________ is baie slim en sterk.

3 Ek help vir Mamma om die pakkies te ______________ .


4 My gunstelingnagereg is jellie met ______________ .

5 As jy nie weet nie, kan jy maar ______________ .

6 As ek mooi vra, sê my ouers dalk ______________ .



DATUM ______________________________



# Oefen vlotheid

**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Zeb was ’n paddavis. Hy het meer as ’n 9
honderd paddavisboeties en -sussies gehad! 14
Hy was die jongste en die kleinste. Die 22
paddavisfamilie het almal in die koel, diep 29
waters van die dam gewoon. 34
Zeb het agtergekom dat daar skielik minder 41
boeties en sussies was om mee te speel. Hulle 50
was besig om te verdwyn! Dit was ’n raaisel! 59
Hy kon net 90 paddavisse tel. Elke dag het 68
hulle minder en minder geword. Skielik was 75
daar net 20 paddavisse oor. 80

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het | | |
| Aantal woorde wat ek nie gelees het nie | | |

**DATUM** ____________________



# Die blou eiers (Hoofstuk 3)



Na twee weke het die mammavoël uit die nes gevlieg om kos vir haar kuikens te gaan soek. Die pappa het ook vir hulle kos gebring. Die kuikens het vetter en sterker geword. Hul pragtige vere het ook uitgekom.

Nie lank nie of hul vlerke was sterk genoeg om te vlieg. Op 'n dag het hulle op die rand van die nes gestaan en na die grond gekyk. Hulle het hul vlerke gesprei en ... gevlieg! Hulle is nooit geleer om te vlieg nie. Hulle het net geweet hoe.



1. Hoe, dink jy, het die voëls gevoel toe hulle vir die eerste keer gevlieg het?

   ____________________

2. Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

   ____________________



# Spoedlees woorde

**Lees vir een minuut.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| swaai | niks | arm | serp | melk |
| trap | self | dors | kaart | mens |
| klaar | dalk | maats | help | prent |
| vrou | dans | nerf | sink | hemp |
| swaar | kant | warm | dorp | sorg |
| trein | kamp | mors | kort | werk |
| klein | terg | boks | skulp | fiks |
| vraag | park | sing | lank | ramp |
| twis | fluks | kerm | slurp | punt |
| klei | kolf | gerf | bang | lens |

Hoogste telling: ____________ woorde

DATUM ______



# Die blou eiers (Hoofstuk 4)



Die volgende dag het die Afrika-hoephoep-voëls weggevlieg om hul nuwe lewens te begin. Hulle kon nou vir hulself sorg.

Hulle het lang snawels gehad waarmee hulle insekte in die gras en in dieremis kon vind. Hulle kon kewers, krieke, spinnekoppe en sprinkane soek om te eet.

Eendag sal elkeen van hulle 'n gat in 'n boomstam vind en hul eie nes bou. Hulle sal dan hul neste met gras en vere uitvoer. Daarna sal hulle hul vlerke uitsprei om die aandag van 'n maat te trek.
Nie lank daarna nie sal daar weer vier blougroen eiers in die nes wees en die lewensiklus begin weer!



1. Beskryf hoe 'n hoephoep-voël lyk.

______

______

2. Beskryf 'n pragtige voël wat jy al gesien het.

______

______

# Herwinning

## Week 5 en 6





# Die goedhartigste reus in die wêreld



Eendag, lank gelede, was daar 'n reus wat met tamaties geboer het. Hy het die tamaties by die mark in die dorp verkoop.

Die mense van die dorp het gesê: "Jy is die slordigste reus in die wêreld. Jy dra altyd dieselfde klere en sandale." Die slordige reus het gewonder of hy vir hom deftige klere moet kry.


Hy het die klerestalletjie wat klere in alle groottes, groot en klein, gehad het, gesien. Selfs klere vir reuse! Die reus het besluit om vir hom deftige klere te koop. Hy het ...



'n groot wit hemp



'n gestreepte das



'n dik blou langbroek



gestreepte geel sokkies



en 'n paar deftige swart skoene gekoop.

**Waarom wou die reus deftige klere gehad het?**




Die reus het sy deftige klere aangetrek. Met ’n trotse gevoel het hy begin om terug plaas toe te loop.

Op pad terug het hy ’n kameelperd, wat bibberend in die veld gestaan het, raakgeloop. “Wat makeer?” het hy gevra.


“My nek kry baie koud,” het die kameelperd geantwoord. “Ek weet nie hoe om dit warm te hou nie.”

“Hier, neem my nuwe das,” het die reus gesê. “Jy kan dit om jou nek draai.”

“Baie dankie,” het die kameelperd dankbaar geantwoord.



**Hoekom sou ’n kameelperd se nek koud kry?**



Die reus het verder geloop. Hy het 'n bosvarkfamilie, wat in die veld gehuil het, raakgeloop. "Wat makeer?" het die reus gevra.

"'n Olifant het ons huis stukkend getrap," het die mamma-bosvark geantwoord. "Ons het geen slaapplek vir die aand nie."

"Neem my hemp," het die reus gesê. "Julle kan daarmee 'n groot sterk tent maak."

"Baie dankie," het die bosvarkfamilie dankbaar gesê.

Die reus het verder geloop. Toe het hy twee babamuishonde raakgeloop wat baie hartseer gelyk het. "Wat makeer?" het die reus gevra.

"Ons het ons komberse verloor," het hulle huilend geantwoord. "Ons gaan vanaand baie koud kry en ons mamma gaan baie kwaad wees vir ons."

"Neem my sokkies," het die reus gesê. "Dit sal 'n snoesige kombers vir julle wees."

"Baie, baie dankie," het die muishonde dankbaar gesê.




**Wat leer ons van die reus?**

Die reus het verder geloop. Hy het toe 'n groot familie miskruiers wat rondhardloop, raakgeloop. "Wat makeer?" het die reus gevra.

"Ons huis is deur die reën weggespoel," het die grootste miskruier geantwoord. "Ons is op soek na 'n plek om te bly totdat ons 'n nuwe huis kan bou."

"Neem my skoene," het die reus gesê. "Dit is in elk geval te klein vir my."

"Baie, baie dankie," het die miskruiers dankbaar geantwoord.





Die reus het verder geloop en by 'n waterstroompie gekom. Daar het hy 'n lang ry miere raakgeloop wat hul antennas heen en weer gewaai het.

"Wat makeer?" het die reus gevra.


"Ons kan nie oor die stroompie gaan nie," het die koninginmier geantwoord. "Ons brug is deur die vloed weggespoel."

"Neem my gordel," het die reus gesê. "Dit sal 'n stewige brug maak."

"Baie, baie dankie," het die miere dankbaar geantwoord.

**Hoeveel nuwe kledingstukke het die reus oorgehad?**





Die reus het verder geloop. Hy het net sy broek oorgehad ... en dit het begin afval, want hy het nie meer 'n gordel gehad nie. Hy het dit uitgetrek en weer sy ou klere aangetrek. Twee ystervarkies wat besig was om van 'n leeu af weg te hardloop, het die broek gesien. "Kom vinnig, hier is 'n plek waarin ons vir die leeu kan wegkruip," het hulle gesê, en met dankbaarheid in die broek se pype gekruip.



Die reus het uiteindelik by die plaas aangekom en net so slordig gelyk soos toe hy daar weg was. "O, genugtig, ek is nog steeds die slordigste reus in die wêreld," het hy gesê.

**Is dit 'n goeie einde vir die storie?**

Toe hy by sy hut kom, was daar 'n groot verrassing vir hom! Al die diere vir wie die reus gehelp het, het vir hom gewag. Hulle het 'n smaaklike ete vir hom voorberei. Hulle het ook vir hom 'n dankie-sê-brief geskryf.




Liewe Reus

Baie dankie dat jy ons gehelp het.
Jou das hou die kameelperd se nek warm.
Jou hemp is 'n huis vir die bosvarkfamilie.
Jou sokkies is komberse vir die babamuishonde.
Jou skoene is 'n huis vir al die miskruiers.
Jou gordel is 'n brug vir die miere.
En jou broek hou die ystervarkies veilig.
Jy is die goedhartigste reus in die wêreld.

Met baie liefde van al die diere

**Hoe, dink jy, het die reus gevoel toe hy die brief gelees het?**

# Handskrif



L L L L L L L L L L

**MAANDAG**

× I I I I I I I I I

× Il Il Il Il Il Il Il

**DINSDAG**

× T T T T T T T T T

× Tu Tu Tu Tu Tu

**WOENSDAG**

× F F F F F F F F

× Fr Fr Fr Fr Fr Fr Fr

**DONDERDAG**

× L L L L L L L L



× Lo Lo Lo Lo Lo

**VRYDAG**

× Il Tu Fr Lo Th La

× Tu Fr Th La Il Th

# Voltooi die blokkiesraaisel


| DWARS | | AF | |
|---|---|---|---|
| 2 |  | 1 |  |
| 3 |  | 3 |  |
| 5 |  | 4 |  |
| 7 |  | 6 |  |
| 9 |  | 8 |  |

DATUM ____________________




# Lees die sinne

Die perd galop.



Mamma sny die brood.



Pappa dra ’n hoed.



Ek stap met my hond.



Ek betaal met geld.







Waarmee betaal ek?

____________________




DATUM ______________________

# Herwinning





| | |
|---|---|
| Wat ek **k**en   | |
| Wat ek wil **w**eet   | |
| Wat ek ge**l**eer het   | Week 5 <br> Week 6 |



# Beeldhoukuns





**Nelson Mandela gevangenisterrein, KZN**

1 Is hierdie prent 'n 2D- of 3D-kunswerk?


2 Hoe, dink jy, is hierdie beeldhouwerk gemaak?

3 Wat is in die agtergrond?

4 Wat is in die middel?

DATUM ______________________

# Skryf die woorde reg



1  rtie — tier

2  dhoe — ______

3  dbroo — ______

4  ndmo — ______


5  ndoh — ______

6  prde — ______

7  ldge — ______

8  ehld — ______


**DATUM** ______________________



# Leesbegrip



**Lees Die goedhardtigste reus in die wêreld.**



## Soek en vind

1 Vir watter twee soorte insekte het die reus gehelp?

______________________ en ______________________

## Lees en dink

2 Dink jy dat die reus verkies om goedhartig of slim te wees?

Verduidelik waarom jy so dink. ______________________

______________________

3 Hoe het die diere hul dankbaarheid getoon?

______________________

______________________

4 Hoe weet jy dat hierdie 'n storie is en nie ware feite nie?

Omdat ______________________

______________________

______________________



Handtekening: ______________________

Datum: ______________________



DATUM ____________________

# Die rivier



1 Die rivier was skoon. Visse en paddas het daarin gewoon en diere kon daar water drink. Kinders het dit geniet om daar te speel.




2 Mense het begin om hul vullis in die rivier te gooi.



3 Die water is besoedel. Die plante in die water het doodgegaan. Die visse en paddas het gesterf. Diere het siek geraak as hulle die water gedrink het.



4 Die kinders het nie meer by die rivier gespeel nie.



Waarom is 'n besoedelde rivier 'n probleem?

____________________

____________________


DATUM ______________________________



# Watter vullisdrom?



**Maya en Mandla het hul herwinning na die herwinningsentrum geneem. Watter vullisdrom moet hulle gebruik?**
**Skryf die naam van elke item op die regte vullisdrom.**





koeldrankbottel


blikkie


karton


jogurtbakkie



koerant


waterbottel


kannetjie


glashouer


# Voltooi die rymsinne



| | | | |
|---|---|---|---|
| held | perd | hond | mond |
| kind | rond | brood | hoed |



1 Die man vang die dief en kry die ou tannie se geld.
Hierdie man is sowaar 'n ______________________.



2 Al is jy klein of al is jy groot,
almal hou van 'n lekker vars ______________________.




3 Die gawe man maak so as hy groet:
Hy knik sy kop en lig sy ______________________.



4 Ek gaan stap graag met my hond,
ons stap tot by die rivier se ______________________.

DATUM ______________________________



# Woordeskat

muishond bosvark slordig miskruier deftig



**Pas die woord by die illustrasie.**

muishond


bosvark


miskruier

slordig

deftig









**Skryf die woorde en voltooi die tabel.**

| Woordeskatwoord | Letters | Lettergrepe |
|---|---|---|
| m _ _ _ _ _ _ _ | | |
| b _ _ _ _ _ _ | | |
| m _ _ _ _ _ _ _ _ | | |



DATUM ____________________

# Die veld



1 Diere, voëls en insekte het in die veld gewoon. Hulle het van die bome gehou, want die bome het skadu en vrugte vir hulle gebied.




2 Mense het begin om hul vullis in die veld te gooi. Hulle het ook vure gemaak.



3 Die veld is besoedel en het verbrand. Die bome het doodgegaan. Die voëls en diere het weggetrek. Kinders het seergekry as hulle daar gespeel het.



4 Die kinders het nie meer in die veld gespeel nie.



Waarom het die kinders, diere, voëls en insekte weggegaan?

____________________

____________________

DATUM ______________________________



# Ken jou plastiek

Plastiek van groep 1, 2 en 4 word die gereeldste in Suid-Afrika herwin. Die ander word slegs somtyds herwin.




Kan hierdie items in Suid-Afrika herwin word?

**Skryf gereeld of soms.**


______________________________


______________________________




______________________________


______________________________

DATUM ______________________

# Skryf jou eie sinne



hond

______________________

______________________



land

______________________

______________________



woud

______________________

______________________




brood

______________________


______________________

**DATUM** ______________________________





# Taal



**Voltooi die sinne deur die woorde tussen hakies te gebruik.**

1 "Wat ______________?" het die ______________ ______________ .

(reus, makeer, gevra)

2 "My ______________ kry koud!" het ______________ kameelperd gesê.

(nek, die)

3 "______________, neem ______________ nuwe das,"

het die ______________ . (reus, Hier, gesê, my)

**Omkring die woorde om jou eie storie op te maak.**

1 "Wat makeer?" het die **hond** / **feetjie** / **leeu** / **ou vroutjie** gevra.

2 "My **voete** / **kop** / **hande** /**ore** is **koud** / **vuil** / **seer**," het die **apie** / **meisie** / **ou man** gesê.

3 "Hier, neem hierdie **kombers** / **handskoene** / **medisyne** / **seep**," het die **hond** / **feetjie** / **leeu** / **ou vroutjie** gesê.



Handtekening: ______________

Datum: ______________

DATUM ______________________

# Die strand



1 Seediere, soos seeslakke en krappe, het naby die see gewoon. Seevoëls het op die strand gewoon. Kinders het daarvan gehou om op die strand en in die skoon helder water te speel.



2 Mense het begin om vullis op die strand te los. Van die vullis het in die see beland.



3 Die see en strand het besoedel geraak.




4 Die kinders het nie meer op die strand gespeel nie.

Hoe sal jy hierdie probleem oplos?

______________________

______________________

DATUM



# Diktee

DATUM

# Maak plekke veilig om te speel



1 Die hoërskoolleerders het die vullis by die rivier gaan optel. Hulle het dit in vullissakke gesit. Hulle het dit na die stortingsterrein geneem.



2 Die mense van die dorp het die veld skoongemaak. Hulle het die vullisverwyderaars gekontak om die vullissakke te kom haal. Hulle het nog bome geplant.




3 Die kinders het die strand skoongemaak en die vullis in die vullisdromme gegooi.



4 Klein diertjies, insekte en voëls het na hierdie plekke teruggekeer. Die kinders kon weer veilig by die rivier, veld en strand speel. Hulle kon orals speel.

Waar het jy al vullis gesien? Wat kon jy doen?



# Handskrif

O O O O O O O O O O O

MAANDAG

× b b b b b b b

× bh bh bh bh bh

DINSDAG

× O O O O O O O O O

× Oc Oc Oc Oc Oc Oc

WOENSDAG

× A A A A A A

× An An An An An

DONDERDAG


× Q Q Q Q Q Q Q

× Qu Qu Qu Qu Qu

VRYDAG

× bh Oc Ap Qu Ah

× An bl Ap Oc bh




**DATUM** ____________________

# Soek die woorde

bedank verjaar gehoor verloor verkoop
gedink bedoel gesien betaal vertel

| | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| g | f | v | e | e | e | o | n | g | s | f | u |
| a | p | v | e | r | l | o | o | r | a | n | r |
| g | v | e | r | t | e | l | s | d | o | e | o |
| e | w | l | i | t | s | l | u | n | b | a | v |
| v | e | r | k | o | o | p | b | a | e | g | e |
| p | s | i | o | k | d | s | e | o | d | e | r |
| b | e | t | a | a | l | m | d | d | o | h | j |
| g | e | s | i | e | n | k | a | z | e | o | a |
| g | e | d | i | n | k | c | n | i | l | o | a |
| b | e | c | v | n | y | w | k | i | i | r | r |



**Kies 2 woorde en gebruik hulle elkeen in 'n sin.**

1 ____________________

____________________

2 ____________________

____________________

DATUM ______________________________



# Lees die sinne



My boetie verjaar.



Ek vertel ’n storie.



Die vrou het haar oorbel verloor.



Ek betaal vir my lekkers.



Ek het ’n mooi liedjie gehoor.





Wie verjaar? ______________________________



DATUM ______________________

# Maak speelgoed uit afvalmateriaal




In KwaZulu-Natal is ’n organisasie genaamd Singakwenza (Ons kan dit doen!).

Mense wat by die Singakwenza-sentrum werk, leer ouers, bewaar skole en skoolkinders om items te maak deur bottels, kartondose, botteldoppies, broodsakkies en ander herwinbare materiale te gebruik. Hulle maak speelgoed en onderrigmateriaal om jong kinders voor te berei om te kan lees, skryf en wiskunde te doen.

Mev. Julie Hay, wat Singakwenza begin het, sê: “Speelgoed wat uit herwinbare materiaal gemaak is, kan kinders nét so goed leer soos dié wat uit winkels kom. En wanneer jy jou eie speelgoed uit herwinbare materiaal maak, red jy ook die omgewing.”





1 In watter provinsie is Singakwenza?

______________________

2 Wat gebruik hulle om speelgoed mee te maak?

______________________


3 Wat leer die kinders wanneer hulle met hierdie speelgoed speel?

______________________

______________________

DATUM ____________________

# Vul die ontbrekende klanke in



1 ge hoor



2 ______ sien



3 ______ bel




4 ______ koop



5 ______ jaar



6 ______ taal




7 ______ dank



8 ______ veel

# Luisterbegrip



**Omkring die regte antwoord of antwoorde.**

1 Die handelaar wou nie die reus as 'n vriend hê nie, want hy was **slordig** / **langer as almal** / **van 'n ander land**.

2 Wie was trots om die reus as vriend te hê?
**die handelaar** / **mense van die dorp** / **kameelperd**

3 Die reus het sy deftige klere **hergebruik** / **herwin** / **vernietig**.

4 Die reus het gesê dat hulle 'n ou emmer kan gebruik om **water in te dra** / **plante in te plant** / **vullis in die veld te gooi**.


5 Die kameelperd het gesê hulle kan **penne** / **blikkies** / **glasbottels** / **emmers** / **plastiekbottels** / **TV's** herwin.

Handtekening:

Datum:

DATUM

# Jakkals en Leeu (Hoofstuk 1)



Hierdie storie is ’n Afrika-volksverhaal oor ’n slinkse jakkals wat altyd die ander diere gekul het.

Eendag het Jakkals op ’n nou paadjie in die berge geloop. Daar was groot klippe en rotse aan albei kante. Skielik het hy vir Leeu in die verte gesien. Leeu het op dieselfde paadjie na hom toe aangekom. Daar was geen wegkomkans nie. Hy het geweet dat Leeu op soek was na kos en hom sou opeet as hulle bymekaarkom. Jakkals moes blitsvinnig aan ’n plan dink.

Dink jy Leeu sou vir Jakkals opgeëet het?
Vertel wat jy dink volgende gaan gebeur.



# Maak speelgoed uit afvalmateriaal

**Wat jy nodig het:**


- 6 botteldoppies (almal dieselfde grootte)
- ’n Stuk karton van ’n boks
- ’n Viltpen

**Metode:**

1. Gebruik die skoon kant van die karton. Teken rondom ’n botteldoppie om ’n sirkel in die middel te maak.
2. Teken nog ses sulke sirkels om die vorm van ’n blom te maak.
3. Skryf die getalle 1–6 in elk van die buite-sirkels – een getal per sirkel.
4. Teken ’n blomsteel en ’n paar blare.
5. Maak 1-6 kolle op elke botteldoppie.
6. Plaas jou botteldoppies en kaart in ’n sakkie.

Speel die speletjie met ’n maat. Wys hoe om die aantal kolle by die regte getal te pas.

1



2




3



4




DATUM ______________________



# Skryf sinne

**Gebruik woorde uit die blok en skryf ten minste 5 sinne. Skryf die woorde wat jy gekies het met 'n kleurpotlood. Jy kan meer as een van die woorde per sin gebruik.**



bedoel    bederf    begin    gedoen    gestaan
gewerk    verloor    verstaan    verlang

1 ______________________

______________________

2 ______________________

______________________

3 ______________________

______________________

4 ______________________



______________________

5 ______________________

______________________

# Woordeskat en taal

**Voltooi die tabel.**

| Woord | Prent | English word |
|---|---|---|
| |  | mongoose |
| |  | wild boar |
| |  | dung beetle |
| |  | sloppy/untidy |
| |  | well-dressed |

**Lees die sinne.**

"Wat makeer?" het die reus gevra.
"My nek kry koud," het die kameelperd geantwoord.
"Hier, neem my nuwe das," het die reus gesê.


**Skryf die eerste in Engels.**

Handtekening:

Datum:

DATUM ____________________

# Jakkals en Leeu (Hoofstuk 2)



Jakkals het vinnig sy poot onder die grootste rots gesit en voorgegee dat hy dit vashou.

"Help, help! Kom vinnig! Iemand, help my!" het Jakkals kliphard geroep. Hy het voorgegee dat hy nie vir Leeu gesien het nie.

Leeu het Jakkals se geroep om hulp gehoor. Hy het vorentoe gehardloop en gesien hoe Jakkals die groot rots vashou.

Jakkals het gesê: "As ek hierdie rots los, sal al die bergrotse op ons twee val! Die rotse is almal baie los. Hierdie rots hou die ander rotse vas. Jy moet my help om dit vas te hou!"

Dink jy Leeu sal vir Jakkals help?
Verduidelik hoekom of hoekom nie.


____________________

____________________



DATUM ______________________________

# Verminder, hergebruik, herwin



**Verminder:** Gebruik minder items wat slegs een keer gebruik kan word.


**Hergebruik:** Gebruik items meer as een keer.

**Herwin:** Maak iets nuuts van iets wat jy gewoonlik weggooi.

- Neem jou eie inkopiesak saam winkel toe.
- Gee jou klere wat te klein is vir iemand anders in plaas daarvan om dit te weg te gooi.
- Skryf aan albei kante van 'n bladsy sodat jy nie papier mors nie.
- Gebruik jou skottelgoedwater om die tuin nat te maak.
- Neem bottels en blikkies na die herwinningsterrein.
- Maak kompos van oorskietkos (vrugte en groenteskille).



DATUM ______________________



# Voltooi die sinne



verjaar

gehoor



bedank






betaal

verloor

verstaan



1 Ek eet koek, want ek verjaar .


2 Ek ______________________ by die snoepie.

3 Ons het die wedstryd ______________________ .

4 By die fees het ons musiek ______________________ .

5 Ons ______________________ ons juffrou vir al haar harde werk.

6 Ek ______________________ ál die werk wat ons doen.



DATUM ____________________



# Oefen vlotheid


**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Daar was 'n reus wat tamaties gekweek het en 9
dit by die mark op die dorp verkoop het. 18
Die reus het besluit om vir hom deftige klere 27
te koop. 29
Die reus het 'n huilende bosvarkfamilie in die 37
veld raakgeloop. 39
"Wat makeer?" het die reus gevra. 45
"'n Olifant het ons huis plat getrap," het die 54
mammabosvark gesê. "Ons het geen plek om 61
vanaand te slaap nie." 65
"Neem my hemp," het die reus gesê. "Julle kan 74
'n sterk tent daarmee maak." 79

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het | | |
| Aantal woorde wat ek nie geken het nie | | |

DATUM ______

# Jakkals en Leeu (Hoofstuk 3)



Leeu wou beslis nie deur rotse verpletter word nie. Hy het vinnig nadergegaan om vir Jakkals te help.

Leeu het langs Jakkals gestaan en hom gehelp om die rots vas te hou. Hy het Jakkals se storie geglo.

Na 'n rukkie het Jakkals gesê: "Ons kan nie vir ewig hier staan nie. As jy die rots vashou, sal ek vir 'n lang, sterk boomstomp gaan soek. Dan kan ons die boomstomp gebruik om die rots in die lug te hou."

"Dis 'n goeie plan," het Leeu gesê. "Ek sal die rots vashou terwyl jy vir 'n boomstomp gaan soek. Maak net vinnig."

Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

______

______

______

DATUM ______________________



# Spoedlees woorde


**Lees vir een minuut.**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| serp | swaai | niks | arm | klits |
| kaart | trap | self | dors | klomp |
| help | klaar | dalk | maats | kramp |
| sink | vrou | dans | nerf | swerm |
| dorp | swaar | kant | warm | kring |
| kort | trein | kamp | mors | brand |
| skulp | klein | terg | boks | plank |
| lank | vraag | park | sing | stamp |
| slurp | twis | fluks | kerm | stert |
| bang | klei | kolf | gerf | tronk |

Hoogste telling: ______________ woorde

DATUM

# Jakkals en Leeu (Hoofstuk 4)



Jakkals het vir Leeu agtergelaat om die groot rots vas te hou terwyl hy gemaak het asof hy 'n boomstomp gaan soek. Hy het al verder en verder van Leeu af wegbeweeg. "Ek is nog besig om te soek," het Jakkals af en toe geskree.

Gou-gou was Jakkals so ver weg dat Leeu hom nie kon sien nie.

Leeu het vir Jakkals gewag en gewag. Hy het gewag totdat die son laag in die lug was. Uiteindelik het hy besef dat hy deur die slinkse jakkals gekul is. Hy het die groot rots gelos en niks het gebeur nie.

Teen hierdie tyd was Jakkals al ver weg en Leeu moes maar honger terugkeer.

Was dit 'n goeie einde? Sê hoekom of hoekom nie.

# Eet gesond

## Week 7 en 8



# Koning Midas



Lank, lank gelede was daar ’n baie ryk koning met die naam Koning Midas. Hy was die rykste man in die hele wêreld. Koning Midas was lief vir vier dinge: Hy was baie lief vir sy enigste kind, Magrietjie; hy was lief vir etenstye; hy was lief vir sy tuin; en hy was lief vir goud. En dis jammer, maar hy was eintlik die liefste vir goud.

Hy het kamers en kamers vol goud gehad: goue stawe, goue munte, goue juwele – alles wat van goud gemaak was. Alhoewel hy ’n beeldskone dogter gehad het, ’n pragtige tuin en elke dag smaaklike etes geniet het, was hy baie ongelukkig omdat hy nóg meer goud wou gehad het!

**Dink jy dat die koning gelukkig moes gewees het? Hoekom?**



Eendag het Koning Midas ’n vreemde wese in die tuin gesien. Die wese was halfseun en halfbok. Die wese was beseer. Alhoewel hy baie lief vir goud was, was Koning Midas ook ’n goedhartige mens en het hy nadergegaan om die wese te help. Hy het nie geweet dat die wese ’n bediende van een van dié mees magtige Griekse gode van daardie tyd was nie.

Koning Midas het die wese se bene verbind en vir hom water gegee. Die wese het gou beter gevoel. Hy het gesê: “Die meeste mense sou bang gewees het om my te help. Om vir jou behoorlik dankie te sê, gaan ek vir jou een wens gee. Jy kan vir énige iets wens.”

**Hoe weet ons dat Koning Midas goedhartig was?**



Die koning het gedink aan alles wat hy alreeds het. Hy het 'n beeldskone dogter, hy het oorgenoeg kos, en hy het 'n pragtige tuin. Maar hy het nie genoeg goud nie! Hy sê toe: "Ek wens alles waaraan ek raak, verander in goud."

"Ek hoop nie jy gaan spyt wees nie," het die wese gesê. "Maar ek gaan jou wens vervul."

Koning Midas was baie opgewonde! Hy het dadelik aan 'n pragtige boom gevat en onmiddelik het dit in goud verander. Hy het opgewonde deur die tuin gehardloop en aan al die bome geraak. Dit het alles in goud verander. Toe het hy aan die blomme gevat. Alles het in goud verander.

"Uiteindelik," het hy gedink, "nou is ek die rykste mens in die hele wêreld!" Hy het nie agtergekom dat al die voëls en skoenlappers begin wegvlieg het nie en dat die tuin nou 'n tuin van standbeelde geword het nie.

**Dink jy Koning Midas gaan spyt wees oor sy wens? Hoekom?**

Die kok het die koning se aandete gebring. Dit was die koning se gunstelinggereg. Dit het bestaan uit hoender, aartappelskyfies en groentesop. "Mmm ... heerlik," het die koning gesê. "Ek is baie honger en dors na al die opwinding."

Maar net toe hy die hoenderboudjie oplig, het dit in goud verander! Hy het aan die bord met skyfies gevat en dieselfde het daarmee gebeur. Hy het die lepel opgetel om 'n skeppie sop te eet en die lepel en die sop het in goud verander.

"O, nee!" het die koning gesê. "Wat het ek gedoen? Ek het 'n dwase wens gemaak."



**Hoe begin die koning nou voel?**

Op daardie oomblik kom Magrietjie ingehardloop om vir haar pappa 'n drukkie te gee. “Moenie aan my raak nie, Magrietjie!” Maar dit was te laat! Toe sy aan hom raak, het sy in goud verander. Sy het 'n goue standbeeld geword!

Koning Midas het begin huil. “Ek het alles wat ek werklik liefgehad het, verloor,” het hy snikkend gesê. “My dogter, my tuin, my vars kos om te eet, my water om te drink. Asseblief, towerwese, neem my wens weg. Al die goud in die wêreld is niks werd as ek alles wat ek lief het, verloor nie.”



**Wat het die koning verloor? Wat, dink jy, gaan gebeur?**




“Jy het nou besef dat daar ander dinge is wat baie belangriker as goud is,” het die wese gesê. “Jy was net te gierig,” het hy gesê. “Goed, ek gaan die wens wegneem, maar onthou jou dwase wens as jy weer dink dat goud die kosbaarste ding in die wêreld is.”

Skielik het Magrietjie weer gelag en die koning se kos het heerlik geruik. Die bome was weer lewendig. Die koning het vars water gedrink en vir Magrietjie ’n stywe drukkie gegee. Hy het besef dat hy alles het wat hy altyd wou hê. Hy het van ’n gierige koning in ’n dankbare koning verander.

**Is dit ’n gelukkige einde? Waarom?**

# Handskrif



Y Y Y Y Y Y Y Y Y

MAANDAG
× D D D D D D D D
× De De De De De De


DINSDAG
× Y Y Y Y Y Y Y
× Yu Yu Yu Yu Yu


WOENSDAG
× S S S S S S S S S
× Sa Sa Sa Sa Sa Sa

DONDERDAG
× X Z X Z X Z X Z
× X Z X Z X Z X

VRYDAG
× De Yu Sa Xy Zu
× Zo Xy Yu Sa De

# Voltooi die blokkiesraaisel





| DWARS | | AF | |
|---|---|---|---|
| 3 |  | 1 |  |
| 5 |  | 2 |  |
| 7 |  | 4 |  |
| 9 |  | 6 |  |
| 10 |  | 8 |  |

DATUM



# Lees die sinne

Ek borsel my tande.



Pappa gee vir Mamma rose.



Ons het twee katte.




Die polisie vang die diewe.



Ek klap hande.





Hoeveel katte het ons?

